

Sing vooraf staande: Psalm 42:3 (p. 214)

- 3 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig / as die vyand jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 7 (p. 700)

- 1 Prys die Heer met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 7 Dis die HEER wat vreemdelinge / met 'n wakende oog aanskou,
weduwees in twisgedinge, / met hul wese, staande hou.
Maar sy arm, hul steun en hoop, / stuit die bose in sy loop.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 103:5 (p. 505)

Wet

Psalm 103:5 (p. 505)

- 5 Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie / of ewiglik die toorn teen ons behou nie,
want wie kan dra Gods eewige gramskap – wie? / Hy sal met ons nie na ons sondes handel,
ons nie vergeld die boosheid van ons wandel; / Hy straf ons, maar na al ons sondes nie.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 2:3, 4 (p. 6)

- 3 “Durf jy dit waag om met my krag te twis? / Sal niet'ge stof My my gesag ontwing?
Of weerstand bied aan wie almagtig is? / Ontsien my toorn, verwaasde sterweling!
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef. / Ek het my Vors gesalf – wee, wie Hom hoon! –
op Sionsberg van heiligheid omgeef, / waar Hy sal heers en ewig sit ten troon.”
- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
“Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.

Skriflesing: Romeine 2:1-16 en Romeine 14:1-23

Teks: Romeine 14:11

Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. (Romeine 14:11 AFR1953)

Die Romeinebrief het 'n besondere tema: Die evangelie van Jesus Christus is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo (1:16).

Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

(Romeine 1:16, 17 AFR1953)

Die mense wat in hierdie redding deel, moet egter 'n bepaalde lewenstyl naleef, anders kan hulle nie deel wees van die reddende krag van God nie.

Dit plaas ons voor die geweldige dilemma: Die uitspraak verklaar dus dat daar nie neutrale gebiede in enige mens se lewe is nie.

- Óf jy wend jou krag en gehoorsaamheid aan in diens van God en sy koninkryk,
- óf jy dien die duiwel en die magte van die hel.

Daarom plaas die Romeinebrief ons voor die volgende geweldige werklikhede:

- God en God alleen hanteer die oordeel oor mense en hulle doen en late. Enige mens wat hom in die plek van God die Regter stel, verbeur sy saligheid.
- Die Here stel die saak met skerp lyne: Iemand wat ander mense oordeel (afskryf), word self veroordeel, want hy doen ook sonde.
 - Die Here maak dit duidelik dat een wat die veroordeelwerk doen, dalk nie dieselfde sonde doen nie, maar hy doen ander sondes en daarom is iemand wat ander veroordeel, self in die moeilikheid.

Die Here motiveer dit baie duidelik dat God en God alleen maatstawwe het wat suiwer is en die volle waarheid bevat – net Hy kan met volle waarheid oordeel oor reg en verkeerd.

- Iemand wat ander mense veroordeel, moet onthou dat hulleself nie die oordeel van God kan ontvlug nie.
- Mense wat ander mense veroordeel, is in 'n onvermoë om die genade en verdraagsaamheid van God oor sondaars raak te sien.
- Die rede is dat hulle nie kan sien hoe die Here genade bewys aan mense wat net so sondig is soos hulleself nie.
- Mense wat dit doen, verag die genade en liefde van God.

Die punt waaroor dit gaan, is dat die Here waarsku dat daar mense is wat in die een of die ander waan lewe dat hulle vrywaring teen die Here se oordeel het, maar ander mense moet daaronder deurloop.

- Die Here wil ons tot die besef laat kom dat alle mense onder die oordeel van die Here is.

Dit is waar dat die gelowiges op 'n ander manier deur die oordeel van die Here kom, omdat hulle iets anders by het: hulle is onder die genade van die Here.

- Die Here wil juis hê dat ons sy genade moet belewe dat ons nog nie in al die sedelike verwildering van die heidendom verval het nie.
- Dit is suiwer sy genade wat ons daaruit hou.

Daarmee saam is daar die roepstem van die Heilige Gees dat ons tot bekering moet kom, anders gaan die oordeel van die Here hom oor ons voltrek – soos oor die mense waarvan daar in hoofstuk 1:26-32 vertel word.

Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpratery, uitvindery van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.

(Romeine 1:26-32 AFR1953)

Ons moet kan raaksien dat die Here ons al moes gestraf het vir al die dinge wat ons aanvang, maar dit gebeur nog nie.

- Ons word nog nie gestraf nie, omdat die oordeel van die Here nog wag.
- Ons kry nog genadetyd om uit ons eie sondes uit te groei sonder om ander mense te veroordeel.

Vers 4 stel dit baie duidelik dat die Here se genade ons tot bekering wil lei.

- Sou ons nie hierdie genade van die evangelie van die Here Jesus ons eie wou maak nie, beland ons in 'n hewige moeilikheid.
- Die oordeel van die Here haal ons in.

Die Bybel leer hier iets wat in ons tyd in baie kringe moeilik aanvaar word, naamlik dat ons nie moet wegkruip agter die Here se onkreukbare en regverdige genade nie.

- Vir mense wat nie wil hoor nie, is daar doodgewoon nie genade nie.
- Sulke mense maak met al hulle verkeerde optrede vir hulle 'n wa-vrag moeilikheid. Die Bybel sê:

Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van toorn en die regverdige oordeel van God . . . (Romeine 2:5 AFR1953)

Let op die kernwoorde: **verhardheid en onbekeerlike hart**. Dit is waar die moeilikheid begin en dit is ook die saak wat die moeilikheid aandryf.

- Onbekeerlikheid beteken ten diepste verset teen die Here.
- Onbekeerlikheid beteken dat jy vassteek en weier om te verander:
 - Jy wil nie na die genade van God toe leef nie.
 - Jy wil in die sonde vassteek en al die dinge doen waarvan jy hou, maar waarvan die Here nie hou nie.

Onbekeerlikheid het in hierdie twee gedeeltes wat ons gelees het, ook die betekenis dat onbekeerlike mense nie die stigting van hulle medegelowiges in die gemeente dien nie omdat hulle net altyd regstaan om rusie te maak of te kritiseer.

Die Here openbaar waar die dinge heen loop.

- Hy gaan met sy regverdige eindoordeel in wat as 'n versengende oordeel deur sommiges en as 'n onmeetbare seën deur ander mense ervaar word.

- Dit is nie twee verskillende handeling nie – dit is een regverdig oordeel wat oor al die mense kom.

Vir die een klomp is die eindoordeel 'n gebeurtenis waar die Here hulle toelaat tot die ewige lewe.

- Dit is die wat weggebreek het uit die verderf, en wat die heerlijkheid van God gesoek het – selfs al sou hulle baie keer onder druk gewees het, of moontlik selfs min gawes gehad het.

Die ander groep se eindbestemming is verdrukking en benoudheid.

- Die Here sê presies watter mense dit is: Dit is die wat eiesinnig en verwaand was en wat kwaad gedoen het.

Hierdie saak is vir die Here so belangrik dat Hy dit twee keer herhaal (in 'n stylfiguur wat 'n spieëlbeeld vorm):

- Die eerste keer in hoofstuk 2:7, 8

. . . aan die wat deur volharding in goeie werke heerlijkheid, eer en onverganklikheid soek die ewige lewe; maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtheid gehoorsaam is grimmigheid en toorn; (Romeine 2:7, 8 AFR1953)

- Die tweede keer in hoofstuk 2:9, 10.

. . . verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek; maar heerlijkheid en eer en vrede vir elkeen wat goed doen, vir die Jood eerste en ook vir die Griek.
(Romeine 2:9,10 AFR1953)

Elke keer stel die Here die gesindheid van hierdie twee groepe mense ook teenoor mekaar.

Die Here voltrek sy eindoordeel nie op 'n basis van vooroordeel nie.

- Hy oordeel nie oor 'n Jood anders as oor 'n Griek nie. Modern en in ons idioom gestel: Die Here oordeel nie oor 'n Afrikaner anders as oor 'n Zulu nie.
- Hy is nie 'n aannemer van die persoon nie.
- Hy oordeel oor elke mens se ingesteldheid en gehoorsaamheid aan die Here.

Hierdie ingesteldheid wat ons teenoor die Here het, kom uit in die manier waarop ons lewe.

- Almal doen nie eenders nie, want hulle dink en verstaan nie eenders nie. Hulle talente is ook nie eenders nie.
- Die Here noem voorbeelde hiervan – sommige mense eet net groente en ander eet alles.
- Die Bybel toon aan dat die een wat net groente eet, die een is wat die dinge verkeerd verstaan, want die Bybel sê dat dit iemand is wat swak is.
- Tog sê die Here nie dat daardie mens sonde doen nie. Inteendeel, die Here beklemtoon dat Hy hom aangeneem het (Romeine 14:3).

Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente. Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie; en hy wat nie eet, moet hom wat eet, nie oordeel nie, want God het hom aangeneem. (Romeine 14:2, 3 AFR1953)

Die Bybel is baie duidelik: ons moenie aan die twis raak oor sake wat nie direk verband hou met ons saligheid nie.

- Ons noem dit middelmatige sake.
- Die Bybel noem voorbeelde van sulke dinge op:

- Sommige mense eet nie dit nie, en ander eet nie dat nie.
- Sommige beskou hierdie dag van die week as die belangrikste en ander mense beskou weer 'n ander dag van die week as die belangrikste.
- Sulke dinge verlos ons nie van ons sondes nie, daarom kan ons verskillende standpunte daarvoor hê.

Ons moet egter die dinge wat die eer van God raak, onderhou.

- Beginsels wat deur die Here voorgeskryf en vereis word vir ware aanbidding, is nie debatteerbaar nie.
- Hierdie beginsels plaas die doel van ons bestaan in perspektief: Ons mag nooit vir onself lewe nie. Ons behoort aan die Here of ons leef en of ons sterf (14:8).

Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. (Romeine 14:8 AFR1953)

Ons lewe moet hierdie tekens dra. Daarom gee die Here ons baie vryheid. Hy sê dat as ek reken dat iets, soos ek dit verstaan, onrein is, dan is dit vir my onrein (14:14).

Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein. (Romeine 14:14 AFR1953)

Ek moet net nie my standpunte oor sulke middelmatige sake op my naaste afdwing nie, want dan grief ek hom – daarvan hou die Here nie, want dit is nie volgens die liefde nie.

Maar as jou broeder deur voedsel gegrief word, dan wandel jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur jou voedsel hom te gronde rig vir wie Christus gesterf het nie. (Romeine 14:15 AFR1953)

Die Here gee sy rede waarom ons nie hierdie styl aan die dag moet lê nie:

- Hy sê dat ons met sulke krapperigheid mense ten gronde rig vir wie die Here Jesus gesterf het (14:15).
- Die NAV vertaal dit so: “moenie deur wat jy eet, iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie.”

Ons weet dat dit in ons kerkwees daarvoor gaan dat ons die Here moet dien en aanbid.

- Maar waaroor ons minder dink, is waaroor dit gaan as dit by ons onderlinge geloofsverkeer kom.
- Die Bybel stel dit weereens duidelik dat die Here Jesus gesterf en opgestaan het sodat Hy oor die lewendes en die dooies kan heers.

In sy heerskappy oor ons beskryf Hy presies watter optrede Hy van ons verwag:

- Ons moet nie karring oor bysake nie.
- Ons moet aandag gee aan geregtigheid, vrede en blydskap in die Heilige Gees.
- Ons moet aandag gee aan die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder (14:17-19).

Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees. Want hy wat Christus hierin dien, is aan God welgevallig en by die mense geag. Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien. (Romeine 14:17-19 AFR1953)

Baie kort: dit gaan in ons kerkwees oor ware aanbidding van God en ook oor die stigting van die gemeente.

- As ons nie hierdie dinge doen nie, dan kom ons nie net in 'n posisie van ongemak met die Here nie – die Here waarsku ons dat ons dan ook ons naam by die mense weggooi (14:16).
- U kan nou dink dat dit mos nie 'n saak by die Here kan wees as ander mense (moontlik nog ongelowiges) oor die kerk se lidmate loop en skinder en kwaadpraat nie.
- Maar dit is nie so nie. Die kerk is die liggaam van die Here en Hy hou glad nie daarvan as mense lelike dinge oor die kerk loop en vertel nie, want sy eer is dadelik op die spel.
- Dit is waarom die Here selfs vereis dat tot die heidene goeie getuigenis van 'n man moet gee voordat hy as 'n ouderling gekies mag word (Timoteus).

Ons gemeente moet hierdie boodskap styf vasvat: Ons moet nie onder mekaar krupperig raak oor dinge wat nie werklik die wese van die eer van God raak nie.

- Ons moet veral daarteen waak dat ons mekaar nie minag of afskryf wanneer ons nie oor dinge saamstem nie.
- As ons iets doen wat werklik voor die Here verkeerd is, moet ons dit met die nodige bewyse uit die Bybel ondersoek.

Ons moet nie in hierdie ondersoek die fout maak wat die Romeine gemaak het dat elkeen sy eie siening op die ander gemeentede wil afdwing nie.

- Ons moet aanhou ondersoek totdat ons die volle waarheid uit die Bybel het, en dan moet ons daarvoor buig.
- Ons moet ook nie wanneer ons iets verkeerds doen, na die ander kant toe sondig nie, met ander woorde maak asof iemand anders uit die gemeente wat my vermaan somer net wil hare kloof nie.
- Die Heilige Gees gebruik ons inderdaad om mekaar te vermaan en op te bou tot eer van God.
- Die eindproduk moet wees dat ons moet doen wat die Here sê – ons moet voor Hom buig.

Die Here Jesus se kruisdood was nie somer vir die grap of net vir 'n belangse verlossing nie.

- Sy dood is totaal ingrypend in elkeen van ons.
- Sy dood gryp in die diepste dieptes van ons karakter in en eis van ons verandering en bekering uit die sonde uit.
- Ons moet al die spore van die mens wat aan die Satan gehoorsaam is, uitvee en met hart en siel ons ewige Verlosser Jesus Christus aanbid.
- Dit doen ons met woorde en met belydenis – maar ons doen dit ook met die daad en hand aan hand met almal wat deur die Here saam met my in een gemeente gegroeper is.

Ons moet besef dat die Here Jesus ons in elk geval voor Hom gaan laat buig.

- Die wat gehoorsaam is, sal deur die kruisdood al hulle sondes vergewe word en sal in die hiernamaals voor Hom buig.
- Die wat nie wil luister nie, en wat in hulle eie verwaandheid en onbekeerlikheid vassteek, sal buig voor sy oordeel. Hulle sal sonder dat hulle iets daaraan kan doen, in die ewige verderf beland.

Onthou die Here se woorde:

So waar as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.
(Romeine 14:11 AFR1953)

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 43:1 (p.220)

- 1 HEER, doen my reg, hoor my gebede, / en twis my twissaak tog vir my!
Want waar ek heengaan, skrede^oop skrede, / beleër my 'n bouse^oen wrede,
'n huigelende teenparty / wat my my saak bestry.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 18 Julie 2010